Die Kerk basaar

Die jaarlikse kerkbasaar bly een van die hoogtepunte op Die Kerk se kalender

Vir ’n hele paar jaar was daar nie ’n gemeentebasaar nie, maar in 2010 is daar besluit om weer voluit basaar te hou. Die basaar in 2010 is gehou by Malmesbury se skougronde. Die basaar was ’n groot sukses en weereens is gewys dat die mense gewillig is om hulle tyd en talente te gee vir die Kerk, want die mense se gesindheid bepaal die sukses van so ’n geleentheid.

Die Gemeente het gevoel dat die 2011 basaar na ons kerkgronde verskuif moet word. By gebrek aan onderdakspasie is ’n groot!! tent op die parkeerterrein opgeslaan en dit het ’n totale ander atmosfeer geskep.

Daar was ’n verskeidenheid van aanbiedings waaronder ’n boere-ontbyt, tuisgemaakte pasteie, poedings, jaffels, vleistafel, groot en klein koekies, middagete en dan die altyd gewilde pannekoektafel.

Die manne wat die braaiwerk gedoen het, het vroeg die oggend ’n koffie geniet, maar later is daar ’n lekker koue wyntjie geskink, want ons is mos in die wynarea.

In 2013 is daar weer in die tent basaar gehou, maar is die basaar vooraf gegaan deur ’n steak ete die Donderdagaand en dit was ’n groot sukses! Daar is sommer net lekker gekuier en gesels en baie van ons het nader kennis gemaak met ons mede gemeentelede.

Die afgetredenes het kom help vleis werk, maar die onhandigheid met skerp messe het ’n paar wonde veroorsaak en vingers met pleisters was ’n algemene gesig. Daar is egter 1ton wors gemaak asook maalvleis, ”patties” en sopvleis.

Wat baie belangrik is dat die basaar nie net gaan oor geld nie, maar om ’n goeie gees te skep in die Gemeente en mekaar beter te leer ken.

Ons moet nooit vergeet Wie dit vir ons moontlik maak nie en besef alles is net genade.